




Die Maand Wat Was

Maandelikse Sakegesprek Beleggings Nuusbriëf


Primêre uitsending: Sondag 19h30 met herhalings op Maandag 14h00, Dinsdag 10h30 en Woensdag 14h30

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Augustus 2012

Langtermyn pj van 1900 tot einde 2011



Bron: Credit Suisse





Bron: ABSA Beleggings

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uit presteer.

Augustus - die maand wat was

Teen die agtergrond van markte wat op hoogtepunte verhandel, was daar twee elemente wat in Augustus uitgestaan het, die Nasionale Beplanningskommissie se Nasionale Ontwikkelingsplan en die tragiese gebeure by Lonmin se Marikana platinum myn.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan moet krediet kry vir die duidelike doelwitte en die detail waarmee dit uiteengesit word. Dit bly die moeite werd om hierdie plan te lees en jouself te vergewis van die rigting waarin die plan beleid probeer stuur. Besoek gerus die webbladsy van die Beplanningskommissie by: <http://www.npconline.co.za/> en klik op die PLAN skakel.

Die ander element wat hierdie maand uitgestaan het, was die gebeure by Lonmin se Marikana myn. Hoewel dit baie herinner aan gebeure 20 jaar gelede in Suid-Afrika, wys dit ook hoe die landskap verander het as mens in ag neem dat mnr Cyril Ramaphosa bietjie meer as 20 jaar gelede nog die sekretaris-generaal van die vakverbond Cosatu was (tot in Junie 1991 toe hy sekretaris-generaal van die ANC en hul hoof-onderhandelaar geword het) en vandag 'n belegger en nie-uitvoerende direkteur van Lonmin is.

Die risiko is dat beide hierdie elemente vir politieke gewin en persoonlike aspirasies gebruik word en dat daar uiteindelik niks van die plan kom en ons niks uit die Lonmin tragedie leer nie – hopelik het Suid Afrika (soos mnr Ramaphosa) die vermoë om aan te pas?

So gepraat van 20 jaar gelede - Ek het bietjie gaan kyk na wat twee eg Suid Afrikaanse instellings 20 jaar gelede gekos het en wat hierdie produkte vandag kos. Dan het ek ook gaan kyk wat die JSE Algehele indeks oor hierdie periode gedoen het. Die twee produkte wat ek gekies het, is 'n Wimpy Burger en Skyfies en dan 'n intreevlak Toyota 1300 motor.

Die vraag wat ek probeer beantwoord, is basies dat indien ek die R12,50 (vir die Wimpy Burger en Skyfies) en die R34 500 (vir die intreevlak Toyota 1300) eerder in die JSE Algehele Indeks belê het, hoeveel Burgers en Toyota's sal ek met die opbrengs van daardie geld vandag kan koop.

| | Wimpy Burger en Skyfies | Toyota 1300 |
|---|--|--------------------------------------|
| Koste in 1992 | R12,50 | R34 500 |
| Koste in 2012 | R36,50 | R115 000 |
| Vandag se waarde as jy die 1992 bedrag belê het in die JSE Algehele Indeks | R260,00 | R740 000 |
| Wat kan jy met die opbrengs vandag koop teen vandag se pryse | 7 x Hamburgers en Skyfies | 2 x Toyota plus 20 jaar se brandstof |
| As jy die 1992 bedrag in nie-produktiewe bates belê het – rentebeleggings, vaste deposito's, geldmark instrumente – wat kan jy daarmee koop vandag? | 2 x Burgers, maar net een met skryfies | Amper 1 en 'n halwe Toyota koop |

1. Bronne: Die Wimpy burger en skyfies se pryse is met Famous Brands, eienaar van die Wimpy konsessiegroep, bevestig. Die prys van die intreevlak Toyota 1300 in 1992 is aan ons verskaf deur die CAR motortydskrif en vir die nuwe Toyota is die prys van die Toyota Aygo gebruik. Vir die berekening van die JSE Algehele Indeks prestasie van 1992 tot 2012 is die JSE Alle Aandele Indeks se totale opbrengs (met dividende herbelê) gebruik oor hierdie 20 jaar periode. Die bron vir die onderliggende JSE Indeks syfers was Absa Beleggings

Die vertrekpunt is dat produktiewe bates bydra tot welvaartskepping terwyl nie - produktiewe bates kwalik met inflasie tred hou. Warren Buffett definieer produktiewe bates as 'n belang in 'n besigheid (aandele), kommersiële eiendom en landbougrond terwyl hy rente instrumente wat vaste deposito's en geldmark instrumente insluit as nie-produktiewe bates beskou. As ons na die afgelope 20 jaar kyk en sien wat alles gebeur het - die aanloop en onsekerheid van die 1994 verkiesing en die oorgang van die regering; die krisis in die Asiese ekonomieë laat in die 1990's; die hele Y2K vrese en die ineenstorting van die tegnologie mark en die dot.com borrel; die wêreldwye finansiële krisis met die amperse ondergang van die internasionale bankstelsel; die wêreldwye resessie tot by die skuldprobleme in Europa en die VSA vandag - bly dit insiggewend om die prestasie van die produktiewe bates oor hierdie 20 jaar te beskou. Om te dink dat ek, met die geld wat 'n intreevlak 1300 Toyota 20 jaar gelede gekos het, vandag kan kies tussen 6 nuwe Toyotas of 2 Toyotas plus 20 jaar se brandstof vir elke motor - **mits ek die 1992 geld in die markte gehou het en my nie aan al die negatiewe nuus gesteur het óf geval het vir enige vinnig ryk word foefie nie!**

In die afgelope maand het ons weer eens 'n paar lekker onderhoude met gaste gehad. In antwoord op 'n kykersvraag aan dr André Fourie, 'n eertydse Wits professor wat vandag mede-eienaar van die JSE genoteerde Poynting groep is, het André as volg geantwoord:

“Meeste mense is te haastig om 'n maatskappy te begin as hulle jonk is en wil amper nie regtig die ervaring deel doen nie. Ek het gewerk vir 'n klein eenman vervaardiger van maste en antennes vir 'n jaar. Ek beskou die ervaring wat ek daar opgedoen het as uiters waardevol alhoewel die omstandighede moeilik was. Baie baklei en koppe gestamp met die relatief ouer eienaar - hulle is gewoonlik baie moeilik en wil nie graag dat enige iemand anders moet besluite neem nie. Ek het ook na 'n jaar 'n ultimatum gerig aan die eienaar dat ek 'n meerderheidsaandeel in die antenna deel van die besigheid wil hê of gaan loop en is toe summier ontslaan! Volgende dag eie besigheid begin, maar besef nou dat wat ek geleer het van kontantvloei, personeel, verkope, bemarking, prosesse ensovoorts goud werd was ongeag die omstandighede!

Ek sou dus 'n voorstel maak dat mens baie hard soek na 'n klein besigheid en selfs vir 'n appel en ei gaan werk. Moet klein wees sodat jy met alles en nog wat in aanraking kom (bank, kliënte, aanstellings, aankope, verkope ens). Moet ook reg van die begin met mikpunt om besigheid oor te neem, 'n nuwe filiaal te stig waarin jy 'n aandeel het of te bedank binne 2 jaar anders raak dit te gemaklik.

In terme van kwalifikasies dink ek dis beter om nie MBA of iets formeel te doen nie. Gewoonlik is dit gerig om jou 'n reuse salaris in 'n groot maatskappy te verseker en dit gebeur gewoonlik en dan raak dit moeilik om weg te gaan. Ook voordelig om eie besigheid - jonk te begin sodat mens nog nie te veel verantwoordelikheid teenoor jou gesin het nie. Trou ook 'n vrou wat geld kan verdien. So kwalifikasies is minder belangrik. Lees boeke, doen kort kursusse in finansies, verkope en bemarking. Vorm vennootskappe met mense in die rigting of stel goeie mense aan”

Ek het basies dieselfde vraag aan Koos Bekker, uitvoerende hoof van Naspers gestel. Ek wou by Koos weet, na aanleiding van wat hy vandag weet, wat sal sy raad aan 'n 20 jarige Koos Bekker wees spesifiek rondom entrepreneurskap en besigheidsgedeeltes. Sy raad aan die 20 jarige Koos was eenvoudig om nie vir Koos Bekker te luister nie. Ons gaan die onderhoud met Koos Bekker later in die reeks uitsaai.

Daar is nog tyd tot 16 September om in te skryf vir die Sakegesprek kompetisie met die R25,000 Absa Beleggingsprys. Om die prys te wen, moet deelnemers 'n getal tussen 0 en 100 instuur en probeer voorspel wat die helfte van die gemiddeld van al die ander inskrywings gaan wees. As jy dink dat die gemiddeld van

al die inskrywings 30 gaan wees, dan is die wengetal 15 – die helfte van 30. As daar meer as een regte antwoord is, gaan ons hierdie persone kontak en versoek om twee desimale by hul antwoorde te voeg. Besonderhede is op die Sakegesprek webbladsy beskikbaar of stuur jou antwoord aan getal@sakegesprek.co.za, inskrywings word tot 5 per deelnemer beperk.

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrieff aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrieff databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrieff skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrieff@sakegesprek.co.za.

Mooi loop

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

**Volg ons op
TWITTER**



Volg ons op twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek) vir program
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die eerste twee reekse is daar met sowat 25 sakeleiers gesels. In die huidige reeks gaan daar met 'n verdere 13 sakeleiers onderhoude gevoer word. Die ondersteuning van Absa maak dit moontlik om die program saam te stel en elke week uit te saai.

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.